Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

SKILDER VAN DIE WOLKE

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Ek glo in Hom, Skilder van die wolke
Wat strepies verf oor duine
Ontwerper van woestyne
Hy orkestreer formasies vir die trekvoëls
Die see se stroompatrone
Hoe winde suis deur bome
Ek glo in Hom, Komponis van donderslae
Uitvinder van vlerke
Argitek van wonderwerke

As jy één mens kan liefhê
'n Kind of 'n beminde,
weet jy van liefde
En kan jy glo,
Want liefde is 'n wonderwerk
Totaal onverklaarbaar
Maar onmiskenbaar
Ek staan verwonderd – want dit is daar

Ek glo in Hom, Ingenieur van wind en weer
Beeldhouer van rotse
Regisseur van klank en kleur
Hy bepaal die afstand tussen sterre
Die steiltes van die berge
Die kronkel van riviere
Ek volg Hom, Skepper van die lewe
Ontdekker van die vrede
Grondlegger van liefde

As akkoorde jou ontroer
Of woorde en 'n wysie
Ken jy ekstase
kán jy in wonderwerke glo,
Ontroering is 'n wonderwerk
Totaal onverklaarbaar
Maar onmiskenbaar
ek bly verwonderd en ontroerd – en ek bly glo
Aan die Skilder van die wolke